

# Spreuke 1:7-9
# Die vrees van die HERE
# Gereformeerde Kerk Nigel – ds. DJ Dykstra

11/1/2015

Geliefde gemeente, die *vrees van die HERE* is nou nie die gewildste onderwerp vir ons tyd nie. Selfs Bybelkenners wil graag die woord *vrees* uit die *vrees van die HERE* haal. Dit word maklik vertaal met *dien* maar helaas dit is nie wat in die oorspronklike staan nie. Dit is 'n poging om die mens gemakliker met die heilige God te maak.

Dit is ook opmerklik om te besef dat daar nie staan die *liefde van die HERE* is die beginsel van die kennis nie. Dit sluit nie liefde vir en van God uit nie...dit is versoenbaar met kinderlike liefde vir God...en kweek ook selfs kinderlike liefde vir God.

*Maar ons sal tot die volle konsekwensie moet kom van die *vrees van God*...en dat God gevrees moet word.

Ek verkondig aan u **die vrees van die HERE**. Ons staan stil by die volgende drie punte:

**i) Die betekenis daarvan**
**ii) Die implikasie daarvan**
**iii) Die gevolg daarvan**

Mag die HERE vrees vir Hom in ons harte gee sodat daar ware diens in ons lewens sal wees.

**i) Die betekenis daarvan**

Geliefdes, dit is soms vir ons moeilik om die Spreuke in 'n konteks te plaas: dit voel vir ons baie maal na losstaande...in die lug spreuke. Tog, wanneer die HERE ons leer dat vrees vir Hom, die beginsel van kennis is, is dit nie sonder konteks nie. Die konteks is presies wat in vers 7 staan: *die HERE*. Hy is die konteks. Dit gaan oor *die HERE*...en is begrepe in Hom.

M.a.w. die HERE kom hier eerste en is die middelpunt en is die fokus. Die konteks van die *vrees* en die *kennis* is altyd in verhouding tot Hom – Hy is die bepaler daarvan. Hy is God die HERE (YAHWEH) wat Homself in verbond verbind aan sy volk. As ons verbonde is aan die HERE dan moet alles in verhouding met Hom gesien, bedink en besluit word.

Soos 'n man en vrou wat getroud is: voor die huwelik het my besluitneming net myself en my behoeftes ingesluit en bepaal. Wat wil ek hê...waarheen wil ek gaan...wat het ek nodig...wat sal dit vir my beteken. Maar wanneer jy in die huwelik verbonde is, is daar meer as net jy om aan te dink. Jou besluite word nou geneem in verhouding met jou huweliksmaat.

Hoeveel te meer as die HERE in sy genade tot ons nader en ons in *verbond verbind* waarin ons nie waardig is nie...waarin ons die minste is...waarin ons soveel ontvang. Waarin die God, wat óns van nature verstoot, tot ons nader en ons leer wie Hy is en wat Hy doen: Homself openbaar en met ons praat.

<u>Wat is dan die *vrees* in verhouding tot die HERE</u> – *die vrees van die HERE*? As ons dit in verhouding met Hom sien maak dit alles baie duideliker: dan is al my besluite gegrond op, wat wil Hy hê...waarheen wil Hy gaan...wat ag Hy noodsaaklik...watse betekenis gee Hy daaraan – ons kan die HERE nie verder ignoreer nie...ons vrees Hom.

Die *vrees van die HERE* is dan om jou begrensde lewe te sien in verhouding met sy oneindige Wese...jou sondige aard te stel in die teenwoordigheid van sy heilige Godheid. Dan hou die vrees van die HERE vir jou ontsag vir God in...respek...eerbied...agting. M.a.w. om te weet wie is God die HERE en Hom daarvoor te vrees.

<u>Wie is die HERE, dat ons Hom kan vrees</u>? Hy is die Een wat Adam opgesoek het toe hy vir Hom weggekruip het...Hy is die Een wat gevra het: waar is jou broer? Toe Kain vir Abel doodgeslaan het...Hy is die Een wat Noag in die ark geneem het toe Hy sy oordeel oor die aarde uitgegiet het...Hy is die Een wat vir Abraham gesê het: *Ek sal vir jou 'n God wees*.

Kortom: Hy is die Een wat jou gesoek het, toe jy Hom nie gesoek het nie...wat jou op jou sonde gewys het, toe jy dit nie wou weet nie...wat jou gewas het in die bloed van Christus, toe jy jouself wou was...wat jou sy kind gemaak het, toe jy 'n kind van die Satan was...terwyl Hy die volle reg gehad het om jou tydelik en ewig te veroordeel.

Daarom is dit die uiterste waansin om die HERE buite rekening te laat – om Hom nie te vrees nie.

**ii) Die implikasie daarvan**

Geliefdes, maar dit is nou wonderlik om hierdie dinge van die HERE te hoor en dat ons Hom daarvoor moet vrees. Maar die realiteit is dat die HERE ons *kennis* leer deur mense, m.a.w. middellik. God gebruik mense...

En nou maak vers 8 dit vir ons prakties nl. dat *vader* en *moeder* hul *seun* (daarmee hulle kinders) *tug* en *onderwysing* gee: pa en ma leer en tug die kinders wat die HERE hulle gee – hulle dra *kennis* oor. Maar ons het nou

geleer in vers 7 dat die vrees van die HERE is *die beginsel van kennis*. Wanneer daar dus met kennis gewerk word – oorgedra of ontvang word – moet die *beginsel* gehandhaaf word, nl. in die vrees van die HERE.

*Beginsel* beteken hier die *grondslag/fondament*, m.a.w. die basis waarop kennis staan is die vrees van die HERE: ek kan dus nie waarlik ken as ek God nie ken & vrees nie...ek kan nie waarlik leer as ek God nie leer & vrees nie. As Hy nie die basis is waarop ek alle kennis gee en ontvang nie dan erken ek nie die Bron van kennis nie. Daar is dus nie iets soos neutrale onderrig nie.

*En nou staan ons voor 'n nuwe jaar: wat gaan ons aan ander hierdie jaar oordra, op watter basis sal dit wees...volgens watse beginsel sal dit wees? Sal dit wees omdat ek die HERE vrees? Sal mense uit wat ek sê en doen, hoor en sien ek vrees die HERE? Of sal ons hierdie jaar bou op die kennis van mense...God meet o.g.v. kennis van mense – die fondament van sand wat deur die HERE se golwe omgegooi word.

*Ons het ouers wat vanoggend hulle dogtertjie laat doop. Een van die beloftes wat hulle gaan maak, wat ons almal met kinders al gemaak het: *belowe u om hierdie kind in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig*?

Die jaar lê voor: wat leer ons ons kinders? Watse kennis laat ons hulle opdoen? Is dit kennis in die vrees van die HERE? Is hulle wat die harte van ons kinders beïnvloed besig om die HERE te vrees? ...is ons daarin besig om die vrees van die HERE te beoefen in alles wat ons ons kinders leer?

Geliefdes, ons en ons kinders het nie net hierdie jaar inligting/kennis/kurrikulum nodig nie...om te weet wat in die wêreld aangaan en hoe/hoekom dit so gaan nie...ons het kennis in vrees van die HERE nodig: wat ons leer dat dit die HERE is wat besig is...dat ons in diens van Hom sal optree...dat ons Hom sy eer sal gee in alles wat ons leer. Want ons leer dit *van* Hom, *uit* Hom en *tot* Hom.

Geliefdes, in vers 8 word ons kinders baie direk aangespreek: *luister na die tug*...*verwerp die onderwysing nie* – luister, moenie verwerp nie. Kinders (oud & jonk) hoe het jy gedink gaan God jou leer? Gaan Hy jou tug en onderwysing gee? Die feit dat dit hier staan beteken dit is nodig!

Hy doen dit primêr deur jou ouers: deur die tug van jou pa en onderwysing van jou ma. Dit is waarom hulle met jou praat...waarom hulle jou waarsku...jou sê wat om in ag te neem...jou teregwys. Jy word nie gebore met al die kennis nie, jy word dit geleer deur jou lewe deur: God wil deur leer (Skrif) en lewe (bevinding) jou onderrig.

En nou as ons weer na vers 7 kyk, sê die HERE wat jy is as jy nie na hulle luister nie – 'n sot: *sotte verag wysheid en tug*. M.a.w.: God is besig om jou deur jou ouers te leer...Hy is primêr besig met jou deur hulle...met al hulle foute en tekortkominge (asof jy nie het nie). Dit is God se manier en as jy dit verwerp, is jy besig om die wysheid wat God jou wil leer te verstoot...die tugtiging wat Hy jou wil gee te minag...jy dink daarmee daar is 'n beter manier as God se manier.

Sal ons nie almal sotte wees om die woorde van ons hoogste Leraar te verwerp nie. Hy sê: *neem my juk op julle en <u>leer van My</u>, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele* (Mat.11:29). Daardie juk is ook die tug en onderwysing van ons ouers waardeur ons HERE ons wil leer.

**iii) Die gevolg daarvan**

Geliefdes, as ons egter eerlik is met onsself en ons omstandighede dan is dit wat hierdie verse ons leer die krisis wat ons beleef. Daar is nie vrees vir die HERE in ons land nie. Dit is asof ouers hulle gesag oor hulle kinders prysgegee het. Ons het nie meer gehoorsame kinders nie maar gehoorsame ouers.

Vaders is die Godgegewe opdrag om hulle kinders te tug ontneem...moeders het die voorreg van die onderwysing van hulle kinders prysgegee. Kinders word tugteloos en onopgevoed groot. Ons sien die gevolge daarvan in Engeland, Europa & VSA...ons sien dit in ons dorp!

Ons sien dit in die kerk waar individue/gesinne met die tug besoek word, draai hulle hul rug op die kerk. Die tug word verag soos vers 7 sê en die HERE sê dit maak jou 'n sot – iemand wat gesag uitlag...wat koggel terwyl hy skuldig is.

Ons sien dit onder lidmate. Die begeerte tot lering is nie daar nie: *ek wil nie onderwysing ontvang uit God se Woord nie*...*die erediens en prediking moet vermakerig ingerig word sodat ek goed kan voel na die tyd*. Ons is nie meer aangegryp deur die skat van ons Psalms nie...nee, allerhande oppervlakkige goedvoel liedjies wil ons sing. Die slagwoord: *in God se kerk, God se lied*...is nie meer op ons lippe nie.

Geliefdes, dit is wat ons in 2015 tegemoetgaan. Psalms 90:9 praat van die *onguns van die tyd*. Ons lewe in ongunstige tye: die HERE word nie gevrees nie...mense verag wysheid en tug...kinders gooi die juk van tug en onderwysing af. Laat ons geen illusies daaroor hê nie.

<u>Maar wat nou</u>? Is ons op moedverloor se vlakte? Is daar hoop? Beslis...maar nie in my of in ons of in enige mense of vergadering nie: *moet op prinse nie vertrou nie, by niemand heil kan vind – op die mens jou hoop nie bou nie*. Die hoop staan in vers 7: *vrees die HERE* (x3). Hy is God...

Vra van Hom die genade...wees afhanklik van daardie genade. Vra van Hom hulp...soek by Hom die hulp. Vra van Hom die liefde...begeer by Hom die liefde. Vra van Hom die wysheid...verag die wêreld sin. Vra van Hom die lewe...verloën jou eie.

*Ons moet besef die kapasiteite, gawes, vermoëns, krag is nie in ons te vinde wat ons nodig het nie, die HERE moet dit aan ons gee – Hy gee dit deur sy Seun. Daarom lewe ons in vrees van die HERE en word Hy in alles gesmeek...dit is waansin en onmoontlik om dit anders te wil doen.

*Geliefdes, die HERE wil ons en veral ons kinders aanspoor om wel in vrees van HERE onsself te stel onder onderwysing en tug...gesag oor ons lief te hê en te begeer, *want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals*. M.a.w. dit versier ons kinders maar ook ons as gemeente, as die bruid van Christus, vir ons Bruidegom se koms.

Gewilligheid om geleer te word...om gekorrigeer te word...om gedissiplineer te word deur God se Woord is 'n kenmerk van die kerk en kinders van God. Dit is die manier waarop die HERE ons versier. Voorbeelde daarvan kry ons in Tit.2: *ou manne moet gesond in die liefde wees...ou vroue moet geen kwaadspreeksters wees nie...jong vroue moet versigtig wees...jong manne moet ingetoë wees*. Dit is waartoe ons onderrig en getug moet word...waarvolgens ons gedissiplineer moet word.

Dit versier die kinders van God sodat God daardeur verheerlik kan word. Dit is om dan 'n lewe te lei volgens die HERE se wil en nie my eie – want ek leer hierdie dinge met die vrees van die HERE as my basis...my beginsel. En ons word bekroon en omhang met versiering wat die ewigheid sal ingaan.

**Slot**

Geliefde gemeente, 2015 lê voor. Wat sal dit wees: vrees vir die HERE óf vrees vir mense? Die HERE sê: *moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel* (Mat.10:28).

Laat ons daarom in die vrees van die HERE tug en onderrig...en dit heelhartig ontvang en aanneem...blymoedig met die woorde van Psalm 90:9

*Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie!*
*Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!*
*Laat oor ons aanlig al u lieflikhede!*
*En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:*
*Bevestig by die onguns van die tyd,*
*bevestig tog ons werk in ewigheid*

**AMEN**